

**2 Februarie**

Skrifgedeelte: Deuteronomium 6:1-15

Fokusgedeelte: Deuteronomium 6:4-9 NAV

## Die Here is ons God, daarom moet jy Hom liefhê

Nou, na veertig jaar se omswerwinge in die woestyn, is Israel gereed om die beloofde land binne te trek. Moses hou weer die wet van die Here aan die volk voor (Deut 5). In die beloofde land moet hulle daarvolgens gaan lewe. Hulle mag nie die gode van die volke in die omgewing aanhang nie. Die Here is hulle God. Hy is die enigste Here. Die enigste ware God het Hom aan Israel verbind in sy verbond. Hierdie feit is genoeg rede om die Here lief te hê met hart en siel, met al jou krag.

Hoe sal Israel haar liefde aan die Here bewys? Sy sal dit doen deur God se gebooië na te kom. In die onderhouding van God se gebooië moet Israel se liefde vir die Here tot uitdrukking kom. Dit beteken dat liefde vir die Here die dryfveer moet wees waarom Israel sy gebooië nakom. Dit moet nie uiterlike pligpleging wees nie. Dit moet uit liefde vir God gedoen word. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor. As Israel die Here liefhet met hart en siel, met al haar krag, dan sal sy die gebooië van die Here inskerp by haar kinders. Sy sal met hulle daaglik daarvoor praat. Hulle sal in haar woorde en optrede sien dat sy die Here liefhet.

In en deur Jesus Christus het die enigste, ware God Homself aan ons verbind. Hy het sy Gees in ons uitgestort, deur Wie Hy in ons woning maak. Ons behoort aan die enigste, ware God. Ons het oorfloedige rede om God lief te hê.

Bewys jou liefde aan God deur sy gebooië na te kom. As jou liefde vir die Here die motivering is waarom jy sy gebooië nakom, sal jy ook jou kinders leer om God lief te hê. Jy sal daaglik geleenthede raaksien om met hulle oor die Here te praat. Jou liefde vir die Here sal duidelik wees soos 'n merk op jou voorkop en soos 'n herinneringsteken aan jou hande. Jou kinders sal in jou huis die sekerheid hê dat die Here hulle God is, so asof dit op jou deurkosyne staan.

Sing: Psalm 107:4, 10 (1936)

Ds ASA de Bruyn (Wilropark)